NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2025

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: VRAESTEL I
INSTRUKSIES AAN ONDERWYSERS EN OPSIENERS

AAN DIE ONDERWYSER VERANTWOORDELIK VIR KANDIDATE IN DIE REKENAAR-TOEPASSINGSTEGNOLOGIE-EKSAMEN

INSTRUKSIES RAKENDE DATALÊERS VERSKAF IN DIE IEB ELEKTRONIESE POSBUS: ASSESSERINGSMATERIAAL

Onderwysers moet seker maak dat die volledige pakket (woordverwerker, spreitabel en databasis), met inbegrip van assistente (*wizards*) en hulp, geïnstalleer en beskikbaar is op die rekenaars wat gebruik word deur leerders wat hierdie eksamen aflê. Leerders sal die gebruik van 'n teksredigeerder, byvoorbeeld Notepad, WordPad, of Notepad ++, vir die HTML-kodering benodig. Vir leerders wat in Afrikaans skryf, moet 'n Afrikaanse speltoetser geïnstalleer wees. Indien jy Microsoft-sagteware gebruik, is Microsoft Office 365 (tafelrekenaar) die minimum sagtewarevereiste.

Datalêers

Die Rekenaartoepassingstegnologie Praktiese Eksamen Datalêers sowel as die *Instruksies aan Onderwysers* is in die IEB ELEKTRONIESE POSBUS: ASSESSERINGSMATERIAAL geplaas. Hierdie Datalêers moet teenoor BYLAAG A op bladsy 3 gekontroleer word en op die stoorspasie wat uitsluitlik deur elke kandidaat op die eksamendatum gebruik gaan word, gekopieer word.

Indiening van die praktiese eksamens vir nasiening

Die Rekenaartoepassingstegnologie: Vraestel I (Praktiese Eksamen) is geskeduleer vir Dinsdag, 6 Mei 2025, vanaf 9:00 tot 12:00. Wanneer die eksamen voltooi is:

- Is dit die verantwoordelikheid van die RTT-onderwysers om te verseker dat al die kandidate se data op die geheuestokkie wat deur die IEB voorsien is, geplaas word.
- Moet elke kandidaat sy eie lêergids op die geheuestokkie hê, met hul eksamennommer as die naam van die lêergids en alle lêers daarin geplaas.
- Moet 'n rugsteunkopie ook gemaak word en tot 30 September 2025 by die skool op toepaslike bergingsmedia gehou word, totdat die hernasienproses afgehandel is.
- Moet die geheuestokkie in die opgestopte koevert geplaas word en dan in die elektroniese eksamensak deur die IEB voorsien, toegesluit word, nie later nie as 17:00 op Dinsdag, 6 Mei 2025.
- **Moet 'n voltooide en getekende afskrif van die aangehegte PRAKTIESE EKSAMENVERKLARING IN GRAAD 12 in die opgestopte koevert ingesluit word.**

IEB Copyright © 2025

BRIEF VAN DIE SKOOLHOOF EN RTT-ONDERWYSER(S)

Naam van skool	
Sentrumnommer	
Voltooi deur	
Betiteling	

Die IEB
Posbus 875
Highlands North
2037

Beste IEB

RE: PRAKTIESE EKSAMENVERKLARING IN GRAAD 12, 2025

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE

Ons verklaar dat ons seker gemaak het dat:	**Merk u keuse met 'n kruisie**	
Al die werk in elke kandidaat se lêergids van die eksamenlokaal sonder enige veranderinge van enige aard na die geheuestokkie wat deur die IEB voorsien is, gekopieer is.	JA	NEE
Al die werk in elke kandidaat se lêergids slegs die werk van daardie kandidaat is.	JA	NEE
'n Afskrif van elke kandidaat se lêergids aan die IEB, op die geheuestokkie wat deur die IEB verskaf is, gestuur is.	JA	NEE
GEEN KANDIDAAT TOEGANG TOT DIE INTERNET GEHAD HET GEDURENDE DIE EKSAMEN NIE.	**JA**	**NEE**
Geen hulp of bystand van enige aard aan die kandidaat verleen is of toegelaat is om verleen te word nie anders as van 'n tegniese aard; 'n rekenaarwanfunksie of 'n kragonderbreking.	JA	NEE
'n Omvattende insidentverslag wat die rekenaarwanfunksie en/of kragonderbreking beskryf, aan die IEB gestuur is.	JA	NEE
'n Kopie van elke kandidaat se werk op die skoolstelsel gestoor is en tot op 30 September 2025 op relevante berging by die skool gestoor sal word, wanneer die hernasieningsproses voltooi sal wees.	JA	NEE

_____ _____

RTT-ONDERWYSER(S) **HOOF**

_____ _____

DATUM **DATUM**

IEB Copyright © 2025

BYLAAG A

LÊERS VIR LEERDERS

Die volgende bladsye behels die uitdrukke van die data wat aan elk van die kandidate verskaf is.

<table>
<tr><th>Datalêers</th><th>V1 * Leeg</th><th>V2</th></tr>
<tr><td>V1
V2
V3
V4
V5
V6
V7
V8
V9
Leerder_Skermgrepe.docx</td><td>Rugsteun *
_V1_Antwoorde.docx
Logo.png
Margarien.jpg
ProdukAanbieding.pptx
Produkte.xlsx
Pryse.xlsx
Rys.jpeg
SonneblomOlie.png
Strepieskodes.csv
Welkom by Wholesale Bargain Store.docx
Werknemers.xlsx
WitSuiker.png</td><td>2SakePlan.docx
Logo.png
V3
3OmtrentWholesale.docx
Logo.png
ProdukAanbieding.pptx
V4
4VerskafferBrief.docx
V5
5VerskafferInfo.xlsx
Kruideniersware.jpg
V6
6Produkte.xlsx
V7
7GewildeHandelsmerke.xlsx</td></tr>
<tr><th>V8</th><th>V9</th><th>V9 beelde</th></tr>
<tr><td>8WholesaleData.accdb
Kruideniersware.jpg</td><td>beelde
9WholesaleHome.html</td><td>Kruideniersware.jpg
Logo.png
Olie.png
Suiker.png
Tee.jpeg</td></tr>
</table>

IEB Copyright © 2025